
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

GOD SE WOORD SAL NOOIT VERBY GAAN NIE

Die Here verklaar in Sy Woord in **Heb. 12: 26-29: Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog. een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur.** Wanneer ons na die Chaos kyk wat ons vandag in die wêreld omring, kan ons sien dat die bo gemelde profetiese skrif besig is om te gebeur. Die Here laat werklik toe dat alles van tydelike waarde geskud word sodat slegs die dinge van ewige waarde sal oorbly! Dit doen Hy vir ons voordeel, vir ons onthalwe, sodat ons weereens ons oë kan vestig op daardie dinge wat in die lig van die ewigheid belangrik is. Dit is noodsaaklik, omdat volgens die tekens van die tye Sy koms naby is – Halleluja!

Jesus het gesê in **Luk. 21:33: Die Hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.** Sy Woord is van Ewige waarde, omdat dit ewigdurend is en dus sal Sy Woord enige hoeveelheid skudding weerstaan en sal NOOIT VERBY GAAN nie! Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik die Here se Woord in ons lewens is nie – ons lewe hang daarvan af. Jesus, nadat Hy vir 40 dae in die woestyn gevas het, en deur Satan versoek is om die klippe in brood te verander, honger soos Hy was, het Hy Satan geantwoord deur te sê .... **daar is geskrywe, Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God (Luk. 4:4).**

Die Here het met Josua gespreek toe Hy hom geroep het om die kinders van Israel te lei in die Beloofde Land in, na Moses se dood. Die Here het die geweldige belangrikheid van Sy Woord beklemtoon. Nie net om dit te lees nie, maar ook om dit te gehoorsaam en ons sien dit in **Jos. 1-8: Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met GOEIE GEVOLG handel.**

In hierdie vers word daar aan ons drie stappe tot die Here se seën en voorspoed gegee. Die vierde stap is eintlik die resultaat as die eerste drie doelgerig geneem word. As hierdie stappe geneem word, sal ons daagliks in die seën van die Here wandel. Ons moet nie wag totdat 'n probleem opduik, voordat ons hierdie stappe neem nie, ons behoort elke dag die krag en seëninge van Sy Woord te ervaar. Hierdie instruksies van die Here geld nog vir elkeen van ons vandag.

EET DIE WOORD:

Hierdie wetboek (Woord van God) mag nie uit jou mond wyk nie.

Jeremiah het gesê: **Toe u Woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U Woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart …. (Jer. 15:16).**

As jy nie in "vreugde en vrolikheid" lewe nie, dan stel ek voor dat jy die Woord moet "eet" deur jou daarop toe te lê om dit te leer ken . **2 Tim. 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.** As jy jou gedagtes gedurig hernu deur die Woord, vind jy dat 'n man blydskap het in die regte antwoord van sy mond. **Spr. 15: 23: 'n Man**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - God se Woord…)

het blydskap in die regte antwoord van sy mond, en hoe goed is 'n woord op sy tyd! Jy moet 'n dader van die Woord wees. Soos jy gedurig met jou mond jou vreugde in die Here bely, sal jy die Woord eet en die Woord sal kragtig in jou werksaam wees.

God sê dat Hy Sy Woord uitgestuur het en dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red **Ps. 107:20: Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.** Salomo verklaar dat die Woord genesing (medisyne) is. **Spr. 4: 22: Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.** Die Woord is vir ons werksaam as medisyne as ons dit inneem en dit met ons mond uitspreek. Let op dat Jeremia vervolgens sê dat hy **woorde gevind het** – hy moes hulle gesoek het! Salomo beklemtoon die belangrikheid van hierdie soeke in **Spreuke 2:4 en 5: As jy daarna (wysheid, kennis, insig) soek soos na silwer, en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die Here verstaan en die kennis vind.**

Spreuke 24:14: Erken dat die wysheid sò is vir jou siel: as jy dit vind, dan is daar 'n toekoms, en jou hoop sal nie verydel word nie. Dawid het gesê: **Hoe soet is u beloftes vir my VERHEMELTE (smaak), meer as heuning vir my MOND (Ps. 119:103).**

Let op die volgende Bybelverse wat die verband tussen die Here se Woord, jou gesproke woord en jou gees aandui. **Neem tog uit Sy mond onderrig aan, en lê Sy woorde weg in jou hart (Job. 22:22).**

Laat die WOORDE VAN MY MOND en die OORDENKINGE VAN MY HART welbehaaglik wees voor U aangesig, o Here, my rots en my verlosser (Ps. 19:15).

Laat jou HART MY WOORDE VASHOU, onderhou my gebooie, dan sal jy lewe (Spreuke 4:4). As julle in my bly, en my WOORDE IN JULLE, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry (Joh. 15:7).

Naby jou is die Woord, IN JOU MOND EN IN JOU HART. Dit is diè Woord van die Geloof wat ons verkondig (Rom. 10:8).

<u>BEDINK DIE WOORD:</u> Bepeins dit dag en nag.

Die Bybel sê vir ons duidelik hoe 'n mens voorspoedig sal wees wanneer hy kies om in die weë van die Here en die Woord van die Here te wandel – om dit te hoor, te mediteer daaroor en dit te doen! Dit sê ook vir ons wat die resultate sal wees vir die mens wat kies om NIE ag daarop te slaan nie. Ons lees dit in Ps. 1.

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan (Ps. 1: 1-6).

Hierdie stap is die sleutel tot die verstaan van die Woord. Bepeinsing of meditasie van die Woord van die Here is uiters belangrik. Ons het almal tyd om die Woord te oordink. Terwyl jy werk toe ry in jou motor, terwyl jy skottelgoed was, gras sny of tee breek hou, – daar is soveel geleenthede. Dit is belangrik om te onthou dat jy slegs hierdie soort van bepeinsing van die Woord kan doen as jy wel tyd daaraan bestee om dit eers te lees en te bestudeer. Want hoe sal jy iets kan oordink en verstaan as jy dit glad nie lees of bestudeer nie.

Jy kan gerus weer jou eie skedule in oënskou neem onder leiding van die Here en jy sal vind jy kan jou sake en verpligtinge sò reël dat jy meer tyd aan Sy Woord bestee. Die goue reël is altyd **Matt. 6:33: Maar soek eers die koninkryk van God.**

Soos ons voorheen gelees het: Dawid het ook die meditasie van God se Woord effektief gevind. **Ps. 1:2: Maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink Sy wet dag en nag.** Die Woord mediteer in Hebreeus beteken: "Om te praat, om te verbeel, om te prewel." **Ps. 63:7: as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor u peins.** Ek het ontdek dat hoe groter my begeerte is om met die Here te kommunikeer, so word ek sensitief vir Sy stem, leiding en rigting aanwysing. Wanneer ek sensitief ingestel is teenoor die Here het ek gevind dat selfs in die nag ek met Hom in verbinding is, terwyl my liggaam rus en my siel (verstand) onaktief is. **Ps. 77:13: … ek wil al U werk oordink, en ek wil peins oor U dade.**

In die Bybel vind ons groot Godsmanne wat God se Woord bepeins Dawid, Isak en vele ander.

<u>DOEN DIE WOORD:</u> Sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan.

Hierdie is die mees belangrike stap. Dit is absoluut noodsaaklik. Jy kan nie hierdie stap uitlaat nie. DIE EERSTE TWEE STAPPE SAL NUTTELOOS WEES AS JY NIE 'N DADER VAN DIE HERE SE WOORD WORD NIE. Deur Sy Woord te doen bewys jy dat jy glo wat jy bestudeer en oordink het. Baie mense sê hulle glo, maar glo is

(Vervolg op Bl. 6)

THE TREASURE IN EARTHEN VESSELS

But we have this treasure in earthen vessels that the EXCELLENCY of the POWER may be OF GOD, and NOT OF US. (2 Cor. 4:7)

The Apostle Paul wrote this scripture under the inspiration of the Lord, and he certainly had knowledge and personal experience of this Biblical truth! Paul was one of the mightiest disciples used by the Lord, and his writings constitute more than half of the New Testament.

Paul had been "a Pharisee of Pharisees" and a student of the esteemed Gamaliel who was a teacher of great acclaim. He was delegated immense authority by the Jewish leaders before his conversion on the Road to Damascus when He met with the risen Lord. He was a Roman citizen by birth, kept all the Jewish Laws strictly, and was held in high esteem by his peers. In addition to this, by nature, he was a very zealous, determined and persistent man! He had tasted power and high position – but after he had a real encounter with the Lord Jesus on the road to Damascus, a great change took place in his life! Paul suddenly found that the things that were important in the world, such as fame, prestige and religious pomp, did not impress the Lord. In fact Paul even went into the Arabian desert to be "decontaminated" from all that which the world considers to be of such importance. But what is especially important in the life of Paul, is that when he had all the authority and power to persecute and to rule, he was in fact a powerless servant of the Lord.

All this that had been part of Paul's life before he met Jesus, was replaced by a humble, servant-like attitude. I think that most believers can identify with the above picture. It certainly describes my life before my true encounter with Jesus. However, after Paul's conversion he could truly say: **But what things were gain to me, those I counted loss for Christ. Yea doubtless, and I count all things *but* loss for the excellency of the knowledge of Christ Jesus my Lord: for whom I have suffered the loss of all things, and do count them *but* dung, that I may win Christ, (Php. 3:7-8)**

The things that the world considers important Paul says, are as dung! Just think about that for a moment!

Because of his God fearing attitude and humility, the Lord used Paul to raise the dead, heal the lame, sick and blind. This power to heal and to do miracles, which he had not previously known, suddenly became available to him through Jesus Christ, because of his new attitude!

He could now write with understanding: **But we have this treasure in earthen vessels that the EXCELLENCY of the POWER may be OF GOD, and NOT OF US.**

The Bible tells us that: **God resisteth the proud, but giveth grace unto the humble. (James 4:6)**

If you observe the world around you, you will find that it still advocates as important, the very opposite of what the Word of the Lord declares important. Things such as political power, financial strength, control and self-esteem. The world continues to declare: "When I am proud and wealthy; then I am strong." But the Word says: **When I am WEAK, then am I STRONG (2 Cor. 12:10)**

The world admires the rich man for his riches, often in spite of his character, but hear what Jesus had to say to a rich man who had made an idol of his wealth:

Matt. 19:21-24: Jesus said unto him, if thou wilt be perfect, go and sell that thou hast, and give to the poor, and thou shalt have treasure in heaven: and come and follow Me.

But when the young man heard that saying, he went away sorrowful: for he had great possessions.

Then said Jesus unto His disciples, Verily I say unto you, that a rich man shall hardly enter into the Kingdom of heaven.And again I say unto you, it is easier for a camel to go through the eye of a needle, than for a rich man to enter into the Kingdom of God. The Lord does not frown on us because we have riches, but He does not want our riches to have us!!

John the Baptist was a man who understood the spiritual truth of humility. He was calling people to turn away from their sin and to be baptised, and many responded and came to him with repentant hearts. Some even asked him if he was the Messiah, the Christ, and he replied that he was not, but that One was coming after him whose sandals he was not worthy to untie. (Mark1:7) John knew that Jesus was the only One who was to be exalted in all things and at all times, and that no man was to take any of the glory that is due to Him and Him alone. We read this in **John 3:27-31: John answered and said, A man can receive nothing, except it be given him from heaven. Ye yourselves bear me witness, that I said, I am not the Christ, but that I am sent before Him. He that hath the bride is the bridegroom: but the friend of the bridegroom, which standeth and heareth Him, rejoiceth greatly because of the bridegroom's voice: this my joy therefore is fulfilled. HE MUST INCREASE, BUT I MUST DECREASE.**

He that cometh from above is above all: he that is of the earth is earthly, and speaketh of the earth: He that cometh from heaven is above all.

Paul knew this too because he explains in **2 Cor. 12:9** that Jesus told him**:... "My grace is sufficient for thee: for My strength is made perfect in weakness."** Paul accepted this truth, because he says **...Most gladly therefore will I rather glory in my infirmities, that the power of Christ may rest upon me.** He goes on to say in verse 10, that **"when I am weak, then am I strong".** Paul knew that he needed to depend entirely on the Lord's strength and ability in all situations.

I can identify with this completely. When I held evangelistic meetings in every city, town and village in this country and beyond its borders in the 1980's and 1990's, thousands of sick people came from all over to receive a touch from the Lord. Many of them were terminally ill and as a medical doctor I would see all these suffering people and know in my heart that there was nothing I could do in my own strength to alleviate their pain and distress. That is when I would say to the Lord, "Lord you know that in my own ability I can do absolutely nothing, only You Lord can heal and save these needy people. And without exception, the Lord would undertake in a miraculous way, doing the seemingly impossible and working miracles at each and every meeting we had! All for His glory alone! I knew that they were **His** people, receiving **His** healing from **His** Hand for **His** glory!

In recent years, the "world" has been laying heavy emphasis on the elevation of man. Teachings on self esteem, self confidence and success motivated seminars have flourished. Mind science technology has exploded - visualization and positive thinking are advocated as what is needed for ultimate success and authority. Environmentalism is the order of the day, men believing that the Lord has lost control of the earth and that they need to take over in one accord. (Read our book "Man's Wisdom is foolishness with God" M72)

Man is being brainwashed into believing that his great undeveloped potential and abilities have no limit, and this leaves no place for God. Some even are saying that they finally know what the ultimate meaning of life is, saying that true life is to satisfy the vacuum within one's self, according to man, and that the only way to satisfy one's self is to look within and recognise the "god" within you. Man now becomes a god kind of person with the potential

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - The treasure in earthen vessels...)
to determine his own destination.

Well, these deceptions are the world's ways of achieving power and advancement, but sadly some of the teaching has spilled over into the lives of Christians and have been embraced by the Body of Christ in some instances. However this is not what Jesus taught His disciples. Jesus said just the opposite in **Mark 10:42-44 … Ye know that they which are accounted to rule over the Gentiles exercise lordship over them; and their great ones exercise authority upon them. But so shall it not be among you: but whosoever will be great among you, shall be your minister: And whosoever of you will be the greatest, shall be servant of all.** He also told them in **Mark 10:15: Verily I say unto you, Whosoever shall not receive the kingdom of God as a little child, he shall not enter therein.**

The devious deception that Satan uses is by tempting mankind to elevate himself to a "higher" position. He achieves this by playing on man's pride and enticing him to exalt himself in order to achieve advancement in every aspect of life.

Satan himself followed this path of destruction. Filled with pride, He wanted to be like "The Most High" and instead, ended up being thrown out of heaven. Self-elevation, motivated by pride, originated with Satan. We read of Satan's pride in **Isa. 14:13-14: For thou hast said in thine heart, I WILL ascend into heaven, I WILL exalt my throne above the stars of God: I WILL sit also upon the mount of the congregation, in the sides of the north. I WILL ascend above the heights of the clouds, I WILL be like the most High (Is. 14:13-14)**

When Satan saw himself as somebody likened to the Lord, he was cast out of heaven.

Eve also desired to be like God, and through this desire, Adam and Eve were responsible for the fall of man. **But of the fruit of the tree which *is* in the midst of the garden, God hath said, Ye shall not eat of it, neither shall ye touch it, lest ye die. And the serpent said unto the woman, Ye shall not surely die: For God doth know that in the day ye eat thereof, then your eyes shall be opened, AND YE SHALL BE AS GODS, knowing good and evil. And when the woman saw that the tree *was* good for food, and that it *was* pleasant to the eyes, and a tree to be desired to make *one* wise, she took of the fruit thereof, and did eat, and gave also unto her husband with her; and he did eat. And the eyes of them both were opened, and they knew that they *were* naked; and they sewed fig leaves together, and made themselves aprons. (Gen 3:3-7)**

They believed Satan's lie that they would be like God if they ate of the forbidden fruit. It lead to man's fall; separation from the Lord.

Ever since the fall of man, the root problem of man has been his rebellious nature, his self-elevation – man wants to exalt himself and history repeats itself time and again.

And they (Noah's descendants after the flood) **said one to another, Go to, LET US make brick, and burn them thoroughly …. Go to, LET US build US a city and a tower, whose top may reach unto heaven; and LET US MAKE US A NAME … (Gen. 11:3-4)**

Their motive was self-elevation and they desired to make a name for themselves with the high tower. The end result of their self- exaltation was confusion of their language and the Lord scattered them over the face of the earth!

This rebellious nature with its pride, has always been our greatest problem, and if we want to have an intimate and personal relationship with the Lord, we need to come to Him in sincere humility and complete dependence and reliance upon Him. We need to be aware of His omnipotence (almighty), omnipresence (ever present), His unlimited power and authority. We need to remember His infinite love, compassion, mercy and grace, as well as His holiness, faithfulness, integrity and awesomeness. The Body of Christ needs to once again have the "fear of the Lord".

The Lord called Moses the most humble man of all men on the face of the earth. (Num. 12:3) Yet surely Moses had full reason to be puffed-up and to think of himself as somebody special, especially when we consider the relationship the Lord had with Moses.

The Lord said of Moses: **My servant Moses …. I speak with him face to face …. and he sees the form of the Lord. (Num. 12:7-8)** But it was because of Moses' humility, that God blessed him with this close and personal relationship! Take note of Moses' reaction and words when the Lord spoke to him from the burning bush and sent him to Egypt to lead His people out of slavery; **WHO I AM … that I should go to Pharaoh….. (Ex. 3:11)**

WHO AM I LORD? I AM JUST A SHEPHERD – I AM NOTHING. This was the response of a humble man. The Word tells us: **Humble yourselves in the sight of the Lord, and He will lift you up. (James 4:10)**

Humble yourselves under the mighty hand of God, that He may exalt you in due time (1 Pet. 5:6)

Even the Psalmist David, a man after the Heart of the Lord, called out: **Who am I, O Lord God, and what is mine house, that thou hast brought me hitherto? (1 Chron. 17:16)**

One of the greatest problems we face, even in the Church today is: **Let us make a name for ourselves.** A preacher said recently: "This will be a decade when Christians will be promoted to positions of authority in every field. Born again doctors, scientists and research teams will find cures for dreaded diseases as God gives His people new inventions and ideas. Christian politicians and teachers will begin to dominate the political and educational arenas and great prosperity will come upon those in business. THE CHURCH WILL BEGIN TO REALISE ITS UNLIMITED POTENTIAL".

Jesus said: "I AM BUILDING MY CHURCH." He did not say, "I am improving society. I am bringing reform through politics." He said in effect, "I am saving people and calling them out of the world into My Church. Out of the kingdom of darkness into My Kingdom of Light."

If we belong to Jesus Christ our calling is not to reform the world, but to preach the Gospel!

Satan elevated himself and God cast him out of heaven. Adam acted in the same way and the Lord chased him out of the Garden of Eden and his relationship with Him was marred. Through the ages this "I AM SOMEBODY" - syndrome has been the destruction of many people. Take note of what the Lord said by the mouth of his prophet Jeremiah to His People who were exhibiting this sin of self-elevation; **O generation, see ye the word of the Lord. Have I been a wilderness unto Israel? A land of darkness? Wherefore say my people, We are LORDS** (we have dominion) **we will come no more unto thee? (Jer. 2:31)**

Pride goeth before destruction, and a haughty spirit before a fall. (Prov. 16:18)

Let us rather call out as Moses did: WHO AM I LORD? Let us admit our weaknesses and frailty in the light of His greatness and majesty. It is only when we are humble and dependant on Him that His purpose can be manifest in our lives, and we can know the full extent of His power acting on our behalf.

…God resists the proud, but He gives grace to the humble (1 Pet. 5:5)

THE WAY UP IS DOWN – according to the Word. **Humble yourselves in the sight of the Lord, and He shall lift you up. James 4:10:**

Jesus gave one His most profound teachings on humility to His disciples on the Mount. They are recorded in

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dear Dr van Zyl and staff,

My brother had cancer in his face and the doctors wanted to operate on him for the fourth time. That is when I sent you a fax to please pray for him, he also sent you a fax to please pray for him, he went to have a biopsy and it came back clear. Thank you for your prayers. We serve a wonderful Creator, thank you Lord Jesus!! After your prayers for my granddaughter Alecia that had cervical cancer, she has also been healed. Praise be to God!!

Audrey Virtanen, Ballito, 7 April 2010

Thank you so much for the books (power of forgiveness) I received from you. I am happy to confess that I found it in my heart to forgive my foster mother. I feel so good about it. I am busy reading the book on "How a Christian should pray". I realize now that I was not praying correctly. I really enjoy my newsletter each month. Thank you so much. Jesus name be blessed.

Margaret, Benoni, 18 April 2010

Ek groet u baie hartlik in die oorwinnende Naam van ons Heer en Meester. My hart loop oor van dankbaarheid, ek wil net vir almal vertel dat God is nog in beheer en Hy is nog op Sy troon, en Hy hoor nog gebed en antwoord op Sy tyd. Ek het in April maand vir u voorbidding gevra vir my seun wat al ses jaar sonder werk is, nêrens kon hy werk kry nie. Ek het maar bly volhard in gebed, dikwels het dit gevoel dat Satan wil ongeloof kom saai, of ek my gewend het na u om saam met my te bid. Wonderbaarlik het God my gewys waar twee of drie in Sy Naam veg, het Hy my seun voorsien van 'n permanente werk. Ek gee Hom al die eer daarvoor. Mag ons Hemelse Vader u baie ryklik seën met die bediening en dat u maar net sal gaan van krag tot krag. Groete

Mev J Smit, Pretoria, 28 Februarie 2010

Ek wil net dankie sê aan u en u span vir die voorbidding wat u vir my man gedoen het. Hy het sy rug by die werk beseer, hy was 10 dae in die hospitaal en daarna moes hy vir 6 weke plat op sy rug by die huis lê. Hy moes die spesialis elke 6 weke besoek. Hy het sy werwel van die onderaf by die werk laat bars en van die ander werwels was besig om te verkalk. Met elke besoek aan die spesialis het dit beter gegaan. Ons prys die Here daarvoor. Toe ons weer die spesialis besoek het, het die plate getoon dat sy werwel aangegroei het. Ons is baie dankbaar vir die wonderwerk.

Mev S Oosthuizen, Kaapstad, 3 April 2010

Ek het vir u geskryf en gevra vir voorbidding vir Bernadine wat graag 'n baba wou gehad het. Ons wil net baie dankie sê vir al u gebede. Bernadine is nou 6 weke swanger. Dit is 'n wonderwerk, die Here is baie goed!! Ons wil net met u ons vreugde deel en die Here al die lof gee want Hy is goed! Baie dankie. Seënwense

Mev J Wolmarans, Upington, 12 Maart 2010

In die begin van Oktober 2009 het ek die Sentrum geskakel en voorbidding gevra vir asma. Die vriendelike dame het gesê u en u span sou die volgende more vir ons bid. Nadat ek die Sentrum geskakel het, het my dogter my na haar dokter geneem. Sy bevinding was, dit is my hart en ek moes dadelik hospitaal toe. As kind het ek rumatiekkoors gehad wat 'n opening in een van die hartkamers veroorsaak het. Deur die jare het my hart vergroot en as gevolg hiervan het hartversaking ingetree. Die hospitaal dokter het die volgende dag 'n operasie voorgestel, maar ek het geweier en gesê daar word vir my gebid en ek glo ons Hemelse Vader sal my aanraak en ek sal gesond word. Na vyf dae kon ek huis toe gaan. Ek het elke dag vir die Here dankie gesê vir my genesing. Ek voel nou weer net so gesond soos voor die aanval. Ek prys en dank my Vader vir my genesing. Die Here kry al die eer!! Groete

Mev S P Jordaan, Vereeniging, 23 Maart 2010

Ek groet u in die wonderlike Naam van Jesus onse Heer en Koning. Dr James het vir my rug probleem gebid met 'n genesingsdiens. Die een been was korter as die ander een en Jesus Christus onse Vader in die Hemel het my wonderlik aangeraak, en ek is onmiddellik genees. Prys Sy wonderlike Naam. Op 'n ander keer is vir my depressie gebid en God het weer op 'n wonderlike wyse my aangeraak. Alle eer aan Hom en dankie Dr James, dat u ons ou mensies bedien met liefde hierop aarde. Baie, baie dankie.

Dankie Meg ek het Jesus en vir jou baie lief omdat vrees my grootste probleem was, dit is wonderlik om positief en vol selfvertroue te wees. Dankie Jesus!!

Mev S Naude, Bronkhorstspruit, 3 Mei 2010

"...Ek het elke dag vir die Here dankie gesê vir my genesing. Ek voel nou weer net so gesond soos voor die aanval. Ek prys en dank my Vader vir my genesing. Die Here kry al die eer!!..."

(Vervolg vanaf Bl. 2 - God se Woord…)

'n werkwoord daarom moet daar aksie by wees.

Wat baat dit my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die WERKE nie? Diè (hierdie soort werklose) geloof kan hom tog nie red nie? (Jak. 2:14).

Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood (Jak. 2:17).

Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder werke dood (Jak. 2:26).

En word DADERS VAN DIE WOORD en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie (Jak. 1:22). Nie elkeen wat vir MY sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat DIE WIL DOEN van My Vader wat in die hemele is (Matt. 7:21)

Kan jy sien dat die Here oral van jou verwag dat jy sal **doen wat jy sê dat jy glo?**

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie (Jak. 1:22).

Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien (Jak. 1:23).

Want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het (Jak. 1:24).

Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid (die Bybel) **en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n DADER VAN DIE WOORD, gelukkig wees in wat HY DOEN (Jak. 1: 22 :25)**

Die doel van hierdie lering is om ons te wys dat wanneer ons voorbereid is om te die Woord te lees en leer wat dit sê, dan daarop mediteer om dit kans te gee om in te sink, handel dan daarop deur dit te doen – sê dit as ons gehoorsaam is aan wat dit sê, sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen!

<u>BELEEF DIE WOORD (DIE RESULTAAT):</u> Dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met sukses handel.

Ons basiese verlange in die lewe is om vooruitgang te maak en suksesvol te wees. Dieselfde geld in ons geestelike lewens. As jy siek is, verlang jy genesing.

As jy geldelike hulp nodig het, verlang jy voorsiening. As jy bid verlang jy 'n antwoord! En die enigste manier om van die Here te ontvang, is om Sy beloftes in Sy Woord te glo en om Hom daaraan te herinner, want: **Die Here is wakker oor Sy Woord om dit te volbring! (Jer. 1:12). Sy Woord kan nie leeg na Hom toe terugkeer nie! (Jes. 55:11).** God sê: **Ek sal My verbond nie ontheilig nie, en wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie (Ps. 89:35).**

Volgens die heel eerste teks wat ons aangehaal het (Jos. 1:8) sien ons dat ons slegs kan baat en suksesvol wees NADAT ons die eerste drie stappe nagekom het. **Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie (stap een), maar bepeins dit dag en nag (stap twee) sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan (stap drie), WANT DAN sal jy in jou weë voorspoedig WEES en dan sal jy met goeie gevolg HANDEL (stap vier).**

Nou besef ons deeglik dat sukses eers behaal word NADAT ons die eerste drie stappe voltooi het – en let deeglik op dat ONS – EK EN JY moet OPTREE: ONS moet iets doen. As ons iets doen volgens God se voorskrifte eer God Sy Woord en seën jou. JY HET DIE KEUSE.

Psalm. 1 is die sleutel. **En hy sal wees soos 'n boom wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; EN ALLES WAT HY DOEN, VOER HY VOORSPOEDIG UIT (Psl. 1:3)**

3 Joh. 2 leer vir ons dat God ons wil seën: **Geliefde, ek wens dat dit MET JOU IN ALLES GOED MAG GAAN, en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan.** Maar Johannes beklemtoon ook die doen van die Woord. **Wandel in die Waarheid (vers 4) moenie navolg wat kwaad is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen is uit God (vers 11).**

Ons moet die Woord gehoorsaam as ons verwag dat God Sy Woord in ons lewens moet eer.

En onderhou die ordeninge van die Here jou God deur te wandel in Sy weë, deur Sy insettinge. Sy gebooie en Sy verordeninge en Sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses, SODAT JY VOORSPOEDIG KAN UITVOER ALLES WAT JY DOEN, en alles waartoe jy jou begewe (1 Kon. 2:3)

Let deeglik op die VOORWAARDES om iets van God te ontvang: onderhou Sy gebooie en verordeninge, wandel in Sy weë. Dit geld vandag nog in presies dieselfde mate vir ons.

En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. (Deut. 28:2).

1 Joh. 2: 3-6: En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en Sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat Sy Woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

Soos ons aanhoudend die Here se Woord bestudeer, leer ons wat Sy gebooie en verordeninge is, dan is ons gehoorsaam daaraan – gehoorsaam aan Sy Woord. Ons

uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Wanneer ons iemand met ons lewens vertrou, moet ons seker wees dat daardie persoon die mag het om ons van gevaar, dreigemente en geweld te weerhou, anders sal ons vertroue van geen nut wees nie. Ons Here moet die wysheid en mag hê om elkeen van ons deur verskillende krisisse en moeilikhede te lei en Sy leiding moet in liefde gedoen word.

Omdat ons die Here ken, weet ons dat dit Sy karakter is. Hy is almagtig, oneindig wys en altyd volkome in beheer! Ons lees in 2 Tim. 1:12: "**Want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.**" Dit sê eintlik, "Ek het my lewe in die Here se hande geplaas. En ek is oortuig dat Hy nie met my vertroue sal speel nie. Hy sal Sy woord getrou hou om my te bewaar omdat Hy kan en gewillig is om dit te doen. Dit is my ondervinding met die Here." Alles wat in diè belydenis gemaak is hang af van ons **gehoorsaamheid** aan Sy opdragte en gebooie. As ons geloof in die Here is, moet ons doen wat Hy ons beveel.

Terwyl die stormwolke vandag opsteek, is ons keuse duidelik: Ons kan ons lewens in die Here se hande oorgee, of ons kan die verantwoordelikheid neem om te probeer om onsself te bewaar, 'n taak wat onmoontlik is wanneer die Here besig is om alles te skud. Die feit is dat ons vrede en vergenoegdheid daarvan afhang dat ons alles in die Here se hande plaas, maak nie saak wat ons omstandighede is nie. Die Psalmis skryf in **Ps. 16: 8: Ek stel die HERE altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.**

Die Here se begeerte is dat jy jou daaglikse dinge sonder vrees en benoudheid sal doen, volkome vertrouend op Sy sorg. En jou rus in Hom het 'n groot praktiese invloed op jou lewe. Hoe meer jy aan Sy sorg en bewaring oorgegee is, hoe minder angs sal jy hê oor die omstandighede rondom. As jy in Hom rus deur werklik op Hom te vertrou, sal jy nie aanhoudend probeer om die volgende tree uit te werk nie. Jy sal nie ontsteld raak oor die verskriklike nuus wat jou verswelg nie, of oorweldig word wanneer jy aan die dae dink wat voorlê nie, omdat jy jou lewe, gesin en toekoms in jou Here se veilige en liefdevolle hande geplaas het.

Hoe bekommerd en besorg dink jy is werklike skape wanneer hulle hul herder na die oop weiveld volg? Hulle is glad nie bekommerd nie, omdat hulle volkome onderworpe is aan sy leiding en beskerming. Die Bybel sê vir ons dat ons die Here se skape is, wat ons groot Herder is, waarom sal ons dan ooit besorgd, ontsteld of bekommerd oor ons lewens en toekoms wees? Hy weet presies hoe om Sy kudde te beskerm en te bewaar, omdat Hy ons in liefde en medelye lei.

Wees egter gewaarsku, want wanneer jy alles aan die Here oorgee en Hom volkome vertrou, sal jy kragtig teengestaan word deur elke mag van die duisternis. Satan sal skrikwekkende toestande voor jou plaas om jou tot ongeloof te probeer dryf. Hy sal jou oorweldig met twyfel en vrese waaraan jy nog nooit tevore gedink het nie. Sy strategie is om jou fokus te verskuif na " hoe sleg dinge gaan word" eerder as op die Here se beloftes om jou te bewaar.

Ons kan gevare aan alle kante sien, ingeslote Satan en sy magdom van heersers wat ons geloof in twyfel wil versmoor. Maar ons het die Here Jesus wat belowe om ons deur enige ongeluk, wat ons mag teëkom, te dra. Wil jy die aankomende storm met geruste sekerheid en vrede tegemoet gaan? Sterf dan alle maniere en planne af om jouself te red en vertrou jou lewe ten volle aan Sy sorg toe. Hy is jou goeie, liefdevolle Herder wat getrou is om jou deur dit alles te dra. Bid oor alles. Vra die Here om jou in al jou weë te lei. Rus dan. Laat Sy vrede jou hart en gedagtes vul. Jesus het gesê in **Joh. 14:27: Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** As die Here vir jou is, wie kan dan teen jou wees?

Julle getroue ondersteuning vir ons bediening se uitreiking na die land en buite sy grense met die Evangelie van ons Here Jesus Christus, word grootliks waardeer. Dankie ook vir jul gebede en aanmoediging, saam bereik ons die verlorenes vir die Koninkryk van die Here, en die Naam van Jesus word regdeur ons land en sy grense verkondig, verander lewens en gesinne tot Sy eer.

Baie liefdegroete

Dr James

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Nuutste Boeke

M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael
R8.00 elk

(Continued from page 4 - The treasure in earthen vessels...)
Matt. 5:2-12 and they say it all:

And Jesus opened His mouth, and taught them, saying:

Blessed are the poor in spirit: for theirs is the kingdom of heaven.

Blessed are they that mourn: for they shall be comforted.

Blessed are the meek: for they shall inherit the earth.

Blessed are they which do hunger and thirst after righteousness: for they shall be filled.

Blessed are the merciful: for they shall obtain mercy.

Blessed are the pure in heart for they shall see God.

Blessed are the peacemakers: for they shall be called the children of God.

Blessed are they which are persecuted for righteousness' sake: for theirs is the kingdom of heaven.

Blessed are ye, when men shall revile you, and persecute you, and shall say all manner of evil against you falsely, for My sake.

Rejoice, and be exceeding glad; for great is your reward in heaven: for so persecuted they the prophets which were before you.

Oh that we might put these gems into practice and live by them each day! Only then will we experience true greatness according to the Master's standards.

THE CHOSEN VESSEL

The Master was searching for a vessel to use.
Before Him were many, which one would He choose?
"Take me," cried the gold one, "I'm shiny and bright.
I am of great value, and I do things just right.
My beauty and lustre will outshine the rest.
And for someone like You, Master, gold would be best."
The Master passed on with no word at all.
And looked at a silver urn, narrow and tall.
"I'll serve You, dear Master, I'll pour our Your wine,
I'll be on Your table whenever You dine.
My lines are so graceful, my carvings so true,
And silver will certainly compliment You."
Unheeding, the Master passed on to a vessel of brass.
Wide-mouthed and shallow, and polished like glass,
"Here, here," cried the vessel, "I know I will do. Place me on Your table for all men to view."
"Look at me," called the goblet of crystal so clear, "Thought fragile am I, I will serve You with fear."
The Master came next to the vessel of wood, polished and carved, it solidly stood.
"You may use me, dear Master," the wooden bowl said, "but I would rather you used me for fruit, not for bread."
Then the Master looked down on a vessel of clay, Empty and broken it helplessly lay.
No hope had the vessel that the Master would choose, to cleanse and make whole, to fill and to use.
"Oh this is the vessel I've been hoping to find. I'll mend it and use, and make it all Mine.
"I need not the vessel with the pride of itself,
Nor one that is narrow to sit on the shelf.
Nor one that is big-mouthed and shallow and loud,
Nor one that displays its contents so proud."
Then gently He lifted the vessel of clay, mended and cleansed it and filled it that day:
Spoke to it kindly, "There's work you must do.
Just pour out to others, as I pour into you."
Oh, to be nothing, nothing. Simply to lie at His feet. A broken and empty vessel
For the Master's use made meet! ☐